



21 DAE SPESIALE GEBED VIR DIE TOEKOMS VAN NG KERK

*“Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.” (Matt 6:9-13) (OV*

1 Tim.2:1 *“Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbedding en danksegging gebid moet word vir alle mense,...”*

Moreletapark Gemeente fasiliteer ‘n 21 dae spesiale gebedsinisiatief oor die toekoms van Sy kerk.

Ons roep alle gemeentes en elke lidmaat op tot ernstige vas en gebed vanaf **16 Maart – 5 April 2020**. Moedig die gemeente aan om elke dag te bid en as gemeente ook korporatief bymekaar te kom om saam die aangesig van die Here te soek. Gemeentes word versoek om Sondag 5 April 2020 die inisiatief tydens die erediens af te sluit.

Maak erns deur elke dag volgens hierdie riglyne vir die kerk en die toekoms daarvan te bid. Bely daaglik persoonlike onbelyde sonde, asook sonde wat tussen God en die kerk staan. Loof, prys en aanbid God elke dag in jou gebedstyd.

Joël.2:12-13 *“Maar nou sê die Here: Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur! Skeur julle harte, nie julle klere nie. Kom terug na die Here julle God toe: Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde.....”*

1. GOD DRIE-ENIG

- Aanbid God die Vader, Jesus ons Verlosser en die Heilige Gees met ‘n lied.
- Bid die volgende Skrifgedeelte hardop om God te loof en te prys:

Open.4:8-11 *“..... Hulle het dag en nag sonder om te rus, gesê: "Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom." Elke keer wanneer die lewende wesens heerlikheid, eer en dank toebring aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, kniel die vier en twintig ouderlinge voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Hulle sit dan hulle krone voor die troon neer en sê: "Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep.”*

- Verklaar dat Jesus Christus die Hoof van Sy kerk is.

Ef.4:15-16 *“Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam ‘n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.”*

- Dank die Heilige Gees wat in jou woon.

1 Kor.3:16 “Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?”

2. HEILIGE GEES

- Bid vir ‘n volledige erkenning, verwelkoming en teenwoordigheid van die Heilige Gees in die kerk.
- Bely dat die kerk dikwels deur die eeue heen en steeds die Heilige Gees - bewustelik of onbewustelik - bedroef, teenstaan en selfs ontken.
- Bid vir ‘n kragtige werking van die Heilige Gees in jou lewe en in die kerk.

1 Tess. 5:19 “Moenie die werking van die Heilige Gees teenstaan nie.”

Ef. 1:16-17 “Wanneer ek in my gebede aan julle dink, bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlijkheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken.”

Ef. 4:30 “En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie.”

Jes. 11: 1-2 “Die Gees van die Here sal op hom rus: die Gees wat wysheid en insig gee, die Gees wat raad en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen en eerbied (vrees) vir die Here”

3. LERAARS EN LEIERS

- Bid vir Geesvervulde leiers in die kerk.
- Bid vir Goddelike leiers wat onberispelike lewens lei.
- Bid dat leraars/leiers hul roeping en die erns en verantwoordelikheid daarvan sal verstaan.
- Bid vir elke leier vir geloof, onderskeiding, wysheid en leiding van die Heilige Gees.
- Vra vir seën, vrede en vrug in elke leier se lewe.

Jer. 3:15 “Ek sal vir julle herders gee na my hart en hulle sal julle verstandig en met insig lei.”

Hand. 6:3 “nou, broers, soek sewe mans onder julle uit wat daarvoor bekend is dat hulle vol van die Heilige Gees is en wysheid het, sodat ons hulle vir hierdie taak kan aanstel.”

4. EENHEID

- Bid vir ‘n goddelike eenheid wat net die Heilige Gees kan bewerk.
- Bid vir eensgesindheid wat deur die Woord van God versterk en bevestig word
- Bid Jesus se gebede oor eenheid soos in:
 - Joh. 17:11b** “Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees”
 - Joh. 17:21** “Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het”
 - Joh. 17:22-23** “Die heerlijkheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is. Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet”.
- Bid hierdie teksgedeelte hardop:

Ps 133:1,3 “Hoe goed, hoe mooi is dit as broers eensgesind saam woon! Waar broers so saam woon, skenk die Here sy seën..”

5. WYSHEID

- Bid vir wysheid om uitdagings te omskep in geleenthede vir die evangelie.
- Bid vir Goddelike wysheid om die deurslag te gee in elke gesprek sodat Jesus verheerlik sal word.

Kol. 4:4-5 *“Bid dat ek dit duidelik sal verkondig soos dit my opgelê is. Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid.”*

Kol. 2: 3-4 *“Die geheimenis is Christus, en in Hom is al die verborge skatte van wysheid en kennis te vind. Ek beklemtoon dit, sodat niemand julle met vals redenasies mislei nie. Al is ek nou nie persoonlik daar nie, is ek tog in die gees by julle en is ek bly om te sien dat julle die goeie orde handhaaf en dat julle geloof in Christus stewig vas staan.”*

Jak.1:5 *“As een van julle wysheid kortkom moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee...”*

Jak. 3:17 *“Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, insiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg.”*

6. ONDSKEIDINGSVERMOË

- Vra die Heilige Gees om leiers en gemeentes onderskeidingsvermoë te gee om te tussen waarheid en leuen, reg en verkeerd, lig en duisternis te onderskei.
- Bid vir 'n sensitiewe gees teen enigiets wat tot vertroebeling of geestelike misleiding kan lei.

Rom. 16:17-18 *“Pas op vir dié wat verdeeldheid veroorsaak en die mense afvallig maak van die leer wat julle ontvang het. Bly weg van hulle af. Sulke mense dien nie Christus ons Here nie, maar hulle eie drifte en drange, en met al hulle mooipraatjies en vleitaal mislei hulle die liggelowige mense.”*

Fil. 1:9 *“Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees...”*

7. WOORD VAN GOD

- Bely dat ons God se Woord afgewater het, soms volgens eie behoeftes interpreteer en dit daarom ons lewenstyl beïnvloed.
- Bid vir Goddelike verstaan van en vir suiwer verkondiging van die Woord.
- Bid dat Jesus, die Woord, self aan die woord sal wees in die kerk.

Heb. 4:12 *“Die Woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.”*

2 Tim. 3:14, 16-17 *“Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was en jy ken van kleins af die heilige Skrif... Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.”*

Hand. 4:29-30 *“En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid U Woord sal verkondig.”*

8. VREDE EN BESEKRMING

- Bid dat die vrede van God oor elkeen van Sy kinders se harte en gedagtes sal waghou.
- Bid dat alle gesprekke en beraadslaging in kerklike vergaderings in 'n gees van liefde en vrede sal plaasvind.

Rom. 14:19 *“Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder.”*

Fil. 4:7 *“En die vrede wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.”*

1 Pet. 3:11 *“Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, soek vrede en jaag dit na!”*

- Bid vir God se beskerming oor elke leier van elke gemeente – hul gesinne, verhoudings, besittings, gesondheid, finansies, ens.
- Vra die Here om oor hulle wag te hou en alles wat nodig is aan Sy geliefdes te gee wanneer hulle slaap.

Ps. 121:3,5 *“Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie; Hy wat jou beskerm slaap nooit nie... Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare.”*

Ps. 91:9-11 *“Omdat jy die Here as skuilplek geneem het, die Allerhoogste as jou beskermmer, sal geen onheil jou tref en geen plaag naby jou woonplek kom nie. Hy sal sy engele opdrag gee om jou te beskerm waar jy ook al gaan..”*

9. GEESTELIKE STRYD

- Bid vir beskerming van elke kind van God.
- Bid teen elke bose mag wat verwarring, rusie, twis en leuens wil bring.

Ef. 6:10-12 *“Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.”*

2 Kor. 10:5 *“Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak. Ons is ook gereed om met elke ongehoorsaamheid af te reken...”*

10. GODDELIKE OPENBARING

- Vra die Here dat Hy Homself sal openbaar deur woorde van kennis, wysheid, drome en beelde aan dié wat met hulle hele hart na Hom soek.
- Bid dat God deur Sy Woord die Waarheid in elke soekende hart sal bevestig.
- Bid vir oop geestelike oë en ore.

Eks. 33:18 *“Ek smeek U, laat my tog U heerlijkheid sien”*

Joh. 14:21 *“Wie my opdragte het en dit uitvoer – dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hom sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar.”*

11. HEILIGHEID

- Bid vir 'n besef van hoe *heilig-anders* God is en dat Hy dié wat aan Hom behoort wil heilig maak soos Hy is.

- Bid om 'n heilige lewe te lei wat vir God afgesonderd is.

1 Tess. 4:3-5,8 *“Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid. Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe; julle moenie deur hartstog en begeerte gedrywe word soos die heidene wat vir God nie ken nie...Wie hierdie voorskrifte verwerp, verwerp dus nie maar net 'n mens nie, hy verwerp God wat ook sy Heilige Gees aan julle gegee het.”*

1 Pet. 1:15 – 16 *“Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. Daar staan immers geskrywe: “Wees heilig, want Ek is heilig.”*

12. WAARHEID

- Bid dat die waarheid van die Woord vir mense deur die werking van die Gees sal deurbreek.
- Bid dat die Woord ons onderrig, tereg wys en help om 'n regte lewenswyse te kweek.
- Bid dat die waarheid van die Woord mense sal vrymaak.

Ef. 5:6 *“Moenie dat iemand julle met allerlei onwaarhede mislei nie, want daardeur kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is”*

Joh. 16:13 *“Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei.”*

Joh. 17:17 *“Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid.”*

13. WÊRELDSGESINDHEID

“Die ‘wêreld’ is vervreemd van God en staan vyandiglik teenoor Hom. Vriendskap met die wêreld is geestelike egbrek met God.

- Bid teen die verleiding van die wêreld en 'n wêreldse gees.
- Vra die Here vir geestelike leiers wat kan standpunt inneem teen wêreldse denkrigtings, filosofieë en redenasies.

1 Joh. 5:19 *“Ons weet dat ons ons oorsprong by God het, maar die hele wêreld lê in die mag van die bose.”*

Jak. 4:4 *“Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is.”*

Joh. 17:14 *“Ek het u woord aan hulle gegee, en die wêreld haat hulle, omdat hulle nie tot die wêreld behoort nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie.”*

14. ONKUNDE

- Bid vir 'n honger vir God se Woord en om tot kennis van die waarheid te kom.
- Bid dat onkunde ons nie in blinde dwaasheid laat volhard nie.
- Bid dat leiers hulle nie goedsmoeds deur die opinies en gedrag van ander sal laat beïnvloed sonder om self na die waarheid te soek nie.

Ef. 4:17-19 *“In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie. Hulle gedagtes lei tot niks, hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen.”* **Spr. 9:6** *“Neem afskeid van die onkunde, dat julle kan lewe, kom op die pad van die insig”*

Hand. 17:30 "God het die tye van onkunde oorgesien, maar nou roep Hy al die mense oral op om hulle te bekeer..."

15. AFGODE

Eseg. 14 sê dat wanneer ons die Here soek met 'n afgod in ons hart, dan sal Hy ons antwoord soos dit by ons afgodery pas.

- Bely dat die self dikwels sonder dat ons dit agterkom die grootste god in ons lewens word.
- Bely die moderne afgode soos mag, kultuur, plesier, geld, status, sport, ens wat ons aanhang en selfs in die kerk 'n inslag vind.

Jes. 30:22-23 "Dan sal jy besef dat jou afgode, jou beelde wat jy met silwer en goud oorgetrek het, onrein goed is, en jy sal hulle weggooi soos 'n mens 'n smerige lap weggooi; jy sal sê: "Weg met hulle!" Dan sal die Here reën gee op die saad wat jy in die land gesaai het, en sal jou grond kos vir jou lewer wat ryk en voedsaam sal wees. Jou kleinvee sal wei in uitgestrekte grasveld."

Jer. 2:11-13 "dat 'n nasie sy gode verruil het, selfs al was hulle geen gode nie? Maar my volk het My, hulle magtige God, verruil vir gode wat nie kan help nie. Selfs die hemel moet daarvoor skrik en beef en sidder! sê die Here. My volk het twee sondes begaan: Hulle het My, die bron van lewende water, verlaat, en hulle het vir hulle waterbakke uit klip gekap, waterbakke wat gebars is en nie water hou nie."

16. GEHOORSAAMHEID

- Bid vir onverskrokke geloof en gehoorsaamheid aan die Woord van God soos wat Abraham, Moses, Joshua, Kaleb en ander geloofshelde gehad het.
- Bid dat eiers met ontvanklike harte na die Here sal luister, dat hulle bereid sal wees om te volg waar Hy lei en dit met oorgawe te doen.
- Bid ook teen die vrees vir verwerping en vir 'n onverdeelde hart, sodat leraars/leiers eerder God as mense sal vrees en gehoorsaam.

Jos. 1:9 "Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan."

Jer. 32:39 "Ek sal hulle 'n onverdeelde hart en 'n vaste koers gee.."

Jak. 1:7-8 "So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie."

1 Tess. 2:4,6 "Nee, God het ons gekeur en die evangelie aan ons toevertrou, en so verkondig ons dit dan ook. Ons wil nie die guns van mense probeer wen nie, maar doen wat God verwag, Hy wat ons diepste gedagtes toets...ons het nooit daarna gestreef dat mense ons sou eer.."

(sien ook Joh. 12:43; Hand. 5:29)

17. GOD SE HEERLIKHEID EN VREES VAN DIE HERE

- Bid dat God se Naam geheilig sal word deur die besluite oor die toekoms van Sy kerk.
- Bid dat die heerlijkheid van God voorop sal staan en geen persoonlike agenda nie.

Es. 36:22 "So se die Here my God: Dit is nie ter wille van julle dat Ek optree nie, Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat deur julle oneer aangedoen is onder die nasies waar julle gekom het."

Rom2:24 "Inderdaad, soos daar geskrywe staan, 'as gevolg van julle optrede word die Naam van God deur die heidennasies belaster'"

"The fear of God isn't to be scared of Him. It's to be terrified of being away from Him." (John Bevere).

- Bid dat die vrees van die Here sentraal in die kerk sal staan en dat mense met God se karakter as verterende vuur, rekening sal hou.

Spr. 1:7 "Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug. " (OV)

Spr. 1:28-29 "Dan sal hulle na my roep, maar ek sal nie antwoord nie; hulle sal my soek, maar my nie vind nie. Omdat hulle die kennis gehaat en die vrees van die HERE nie verkies het nie..." (OV)

Luk. 12:5 "Ek sal vir julle sê vir wie julle bang moet wees: vir Hom wat mag het om, na die dood, in die hel te werp. Ja, Ek se vir julle, Hom moet julle vrees."

18. AFVALLIGHEID

- Bid dat God sy Bruid sal beskerm en haar in uitdagende tye by die waarheid sal laat bly staan, te midde van die groot wetteloosheid wat baie mense afvallig maak.
- Bid dat die kinders van die Here nie liefde vir genot sal najaag en predikers sal aanhang wat hulle ore streel nie, maar die waarheid sal liefhê.

Rom. 1:28 "En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvatting, sodat hulle doen wat onbetaamlik is."

2 Tess. 2:10-11 "...omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie. Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee, sodat hulle die leuen sal glo"

Judas 1:18-20 "...dat hulle vir julle gesê het: In die laaste tyd sal daar spotters wees wat volgens hul eie goddelose begeerlikhede wandel. Dit is hulle wat skeuring maak, sinnelike mense wat die Gees nie het nie. Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid."

2 Kon. 17:40-41 "Maar hulle was ongehoorsaam: hulle het hulle vroeëre gebruike gehandhaaf. Hierdie nasies het nie net die Here vereer nie, maar ook hulle eie afgodsbeelde gedien, en tot vandag toe nog volg ook hulle kinders en kleinkinders hulle voorbeeld."

19. NEGATIEWE WOORDE

- Bid teen die huidige tendens om die kerk roekeloos en onverantwoordelik uitmekaar te skeur.
- Stel elke gedagte, woord en daad wat in teenstelling met die Woord uitgaan, reg.
- Vra die Here om kritiek, beskuldigings en oordeel uit die weg te ruim en dit te vervang met woorde wat spreek van liefde en lewe.
- Bid dat hierdie gebedsinisiatief en stryd vir die waarheid nie deur leuens en kwaadwillige bedoelings afgemaak sal word nie.

Num. 6:24-25 "Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!"

Spr 18:21(OV) Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet.

Spr 15:4 (OV) Sagtheid van tong is 'n lewensboom, maar valsheid daarin is verbreking in die gees.

20. REDDING VAN MENSE

- Bid dat ongelowiges tot bekering sal kom.

- Bid dat boodskappe van leraars/leiers mense sal help om die Verlossing van Jesus aan die kruis te verstaan.
- Bid dat nasies hulle tot God sal bekeer. **Ps.2:8** "Vra My, en Ek gee volke vir jou as eiendom, die hele aarde as jou besitting."
- Bid dat God arbeiders vir sy oes sal stuur wat bereid sal wees om die evangelie van Verlossing te verkondig.
- Bid dat evangelisasie prioriteit sal wees in elke gemeente.

Hand.1:8 "Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."

Mark.16:15 "Hy het vir hulle gesê: "Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.

Matt.28:19-20 "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

21. HERLEWING

- Bid vir die deurbreek van die krag van die Heilige Gees soos in die Handeling gemeente.
- Bid vir persoonlike herlewing in die lewe van elke kind van God.
- Bid vir herlewing in elke gemeente wat 'n verandering in dorpe en gemeenskappe te weeg sal bring.

Hos. 10:12 "Ek het gesê: Saai volgens my wil, en julle sal my liefde oes. Ploeg vir julle 'n nuwe land! Dit is nou die tyd om na my wil te vra sodat Ek kan kom en weldade oor julle uitgiet."

Jes. 43:18-19 "Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring."

Ps.85:7 "Sal U ons nie weer lewend maak, sodat u volk in U bly kan wees nie?"

Hand.3:20 "En dan sal daar tye van verkwikking van die Here af kom en sal Hy Jesus stuur, wat vooraf vir julle as die Christus aangewys is."



Vir meer inligting – stuur epos aan gebed@moreleta.co.za of beraad@moreleta.co.za
Moreletapark 012 997 8000